# VERSKUNS VIR EAT GR. 12

**Saamgestel deur Riens Vosloo**

# Werkboek

(Hersiene uitgawe 2023)

**S. Roux**

**L. Roux**

VoorsprongBoeke

VOORSPRONG BOEKE

ISBN: 978-1-776407-4-3-9

# INHOUDSOPGAWE

**LITERÊRE STYLMIDDELS** .................................................. 3

## GEDIGTE

1. ***Krisis*** – Elisabeth Eybers ........................................................ 9
2. ***Ken jy die see ...*** – Uys Krige ........................................................ 14
3. ***Wetenskapmannetjies*** – Antjie Krog ........................................................ 21
4. ***Eksamenlokaal*** – Suzaan Laing ........................................................ 25
5. ***Die dans van die reën*** – Eugène Marais ........................................................ 28
6. ***Die heks van Hexrivier*** – Philip Nel ........................................................ 34
7. ***Sproeireën*** – D.J. Opperman ........................................................ 39
8. ***Haar uitvaart*** – P.J. Philander ........................................................ 42
9. ***Die hanswors*** – S.J. Pretorius ........................................................ 44
10. ***Die hardloper*** – Ernst van Heerden ........................................................ 51

**BRONNELYS** ........................................................ 60

VoorsprongBoeke

# LITERÊRE STYLMIDDELS

## 1. STROFEBOU

Hier gaan dit oor hoeveel versreëls daar in elke strofe is.

| | | |
|---|---|---|
| **1.1** | **Koeplet** | ŉ Strofe wat uit **TWEE** versreëls bestaan. |
| **1.2** | **Tersine** | ŉ Strofe wat uit **DRIE** versreëls bestaan. |
| **1.3** | **Kwatryn** | ŉ Kwatryn bestaan uit **VIER** versreëls. |
| **1.4** | **Kwintet** | **VYF** versreëls vorm ŉ kwintet. |
| **1.5** | **Sestet** | ŉ Strofe wat uit **SES** versreëls bestaan. |
| **1.6** | **Oktaaf** | ŉ Oktaaf bestaan uit **AGT** versreëls. |

## 2. RYM

### 2.1 EINDRYM

Eindrym is wanneer woorde aan die **EINDE** van versreëls met mekaar rym.

Die volgende rympatrone word aangetref:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2.1.1** | **Paarrym (aabb)** | Dit was ek. ek met klippe in my **hande**<br>in plaas van **verbande**,<br>ek met my oë in my **mond**<br>onder die **grond**<br>besig om die brande **weer**<br>te **ignoreer** | a<br>a<br>b<br>b<br>c<br>c |
| **2.1.2** | **Kruisrym (abab)** | maar ek onthou die rook**seine**,<br>die nuus van ŉ nuwe **land**.<br>wel, dit was seker maar net groei**pyne**,<br>net nog ŉ geslag wat **brand** | a<br>b<br>a<br>b |
| **2.1.3** | **Omarmde rym (abba)** | Golwe van jou was oor my **bewussyn**<br>Wanneer ek in die nag my kop laat **sak**<br>En in omdraai ure staar na die **dak**<br>Terwyl ek wens ek kon aan al die **klein**<br>gedagtes van jou vasklou. | a<br>b<br>b<br>a |
| **2.1.4** | **Gebroke rym (abcb)** | ek wil voel hoe dit **voel**<br>om ŉ pleister af te **ruk**<br>hoe dit voel om **iemand**<br>se liefde in te **sluk** | a<br>b<br>c<br>b |
| **2.1.5** | **Vrye vers (abcdef...)** | dit het gereën **hier**<br>vir dae en dae **aanmekaar**<br>dit was of god **ons**<br>weer wou **wegwas**<br>en oor **begin** | a<br>b<br>c<br>d<br>e |

VoorsprongBoeke

## 2.2 HALFRYM

Halfrym is wanneer **KLANKE** met mekaar rym.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2.2.1** | **Alliterasie** | Wanneer dieselfde **KONSONANTKLANK** in 'n versreël herhaal word. | dit was of god ons<br>weer wou wegwas<br>en oor begin<br>aan die einde van die<br>dag<br>laai 'n groot groen trok<br>'n ontelbare getal ou woorde<br>by 'n groot grys gebou af |
| **2.2.2** | **Assonansie** | Wanneer dieselfde **VOKAALKLANK** in 'n versreël herhaal word. | daai groot oranje houers<br>waarin al die klasse se<br>gedagtes lê<br>dit het gereën hier<br>vir dae en dae aanmekaar |

## 2.3 MIDDELRYM

'n Woord in die MIDDEL van 'n versreël rym met 'n woord in/aan die einde van dieselfde versreël.

Byvoorbeeld:

wat sal ons **doen** met hierdie **soen**e

soos masjiengewere, hierdie siele wat toeklap

soos deure in die wind, sal ons ooit 'n punt

be**reik** waar ons sal ophou **kyk** na die **lyk**e

wat in hope voor ons voete val?

VoorsprongBoeke

# BEELDSPRAAK

| | TERM | DEFINISIE | VOORBEELDE |
|---|---|---|---|
| **1.** | **Personifikasie** | Die natuur of lewelose voorwerpe kry menslike eienskappe. | en ek het gesien dat **alles**<br>op so 'n dag weer **kop uitsteek**<br>My kinders, waarom huil julle?<br>Kyk - **die aarde lig haar grys en growwe kop**:<br>**Sy kom om ons monde met klei toe te stop.** |

## STYLFIGURE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **13.** | **Litotes** | Iets word beklemtoon deur 'n ontkenning van die teenoorgestelde of deur verkleining. | Dis **nie mooi nie**. (Dis lelik.) |
| **14.** | **Metonimia** | Dit is die noem van 'n saak deur te verwys na iets wat daarmee verband hou. | daai groot oranje houers waarin **al die klasse se gedagtes** lê |
| **15.** | **Oksimoron** | Twee teenoorgestelde begrippe word met mekaar verbind. | Dis **ou nuus**.<br>Daar was **'n donker lig**<br>In jou oë |
| **27.** | **Toutologie** | Die opeenhoping van woorde wat min of meer dieselfde betekenis uitdruk. | Die kind trek 'n **ronde sirkel**. |

Voorsprong

# 2. *Ken jy die see ...*

# Uys Krige

**VRAE:**

1. Wie is die spreker in hierdie gedig?

___

2. Wie word aangespreek?

___

3. Hoe spreek die visserman die luisteraar aan?

___

4. Wat sê hierdie aanspreekvorm van die verhouding tussen die visserman en luisteraar?

___

5. Wat is die funksie van die herhaling van "Ken jy die see?" in reël 1?

___

___

6. Gee TWEE redes waarom die woord "benee" in plaas van "benede" in reël 3 gebruik word.

___

___

11.4 Wat impliseer strofe 2?

___

___

12. Benoem die beeldspraak in reël 6.

___

13. Wat is die funksie van die herhaling van "dae" en "uur" in strofe 2?

___

VoorsprongBoeke

___

___

14. Watter kontras word in reëls 6 – 9 geskep?

___

___

15. Voltooi die sin deur die KORREKTE woord uit die lysie hieronder te kies.

| betroubaar; stormagtig; veilig; bedrieglik |
| --- |

Hierdie kontras (sien vraag 14) laat die leser verstaan dat die see

__________________________ is, want dit kan binne 'n oomblik heeltemal verander.

31. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter langs die vraagnommer neer.

Hierdie gedig is 'n ...

A sonnet.
B liriese gedig.
C ballade.
D simboliese gedig.

## 3. *Wetenskapmannetjies*

## Antjie Krog

**VRAE:**

1. Die titel het betrekking.

1.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies om die stelling mee te voltooi. Skryf net die woord langs die vraagnommer neer.

Die titel is in die verkleiningsvorm geskryf om die spreker se (minagting/respek) teenoor wetenskaplikes uit te spreek.

VoorsprongBoeke

1.1 ____________________________

1.2 Haal EEN woord uit strofe 1 aan om jou antwoord te motiveer.

________________________________

## 4. *Eksamenlokaal*

## Suzaan Laing

**VRAE:**

5. Waarom kan ons sê dat "tjoepstil banke" in reël 3 'n voorbeeld van metonimia is.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

6. Hoekom word die intensiewe vorm van "stil" in reël 3 gebruik?

______________________________________________________________________

7. Wat is die enigste TWEE geluide wat in die eksamenlokaal gehoor kan word?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

8. Dui die FUNKSIE van die enjambemente in strofe 1 aan.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## 5. *Die dans van die reën*

*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn*

## Eugène N. Marais

**VRAE:**

**TITEL**

1. Benoem die BEELDSPRAAK in die titel.

VoorsprongBoeke

______________________________________________________________

2. Watter Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep voer ‘n reëndans uit?

______________________________________________________________

3. Waar is die “Groot Woestyn”? (subtitel)

______________________________________________________________

## STROFE 1

10. Voltooi die sin met die KORREKTE woord.

    Haar armbande wat blink en haar krale wat skitter, beteken dat daar

    (10.1) ________________________ in die verte is, terwyl ons die

    (10.2) ________________________ kan hoor wanneer sy saggies sing.

11. Watter tegniek word in reëls 5 – 6 gebruik om die beskrywing van die weerlig liries/sangerig te maak?

______________________________________________________________

12. Lees reëls 8 – 9.

    12.1 Hoekom vertel die Suster die winde van die dans?

    ______________________________________________________________

    12.2 Hoe word die reën hier beskryf?

    ______________________________________________________________

    ______________________________________________________________

## STROFE 2

13. Wie is die “grootwild”? (r. 10)

______________________________________________________________

17. Hoe word ‘n interessante ritme in hierdie strofe geskep?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

18. Wat is “haar fyn spore in die sand”? (r. 14)

VoorsprongBoeke

_______________________________________________________________

19. Waarom kan ons aanvaar dat dit eers baie saggies begin drup?

_______________________________________________________________

20. Watter DRIE sintuie gebruik die grootwild om die reën waar te neem?

_______________________________________________________________

33. Pas die letterkundige begrippe in KOLOM B by die aanhalings in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 33.1 | "Eers oor die bergtop loer sy skelm," (r. 2) | A | vergelyking |
| 33.2 | "**en** haar oge is skaam;<br>**en** sy lag saggies." (r. 3 – 4) | B | personifikasie |
| 33.3 | "sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;" (r. 22) | C | polisindeton |
| 33.4 | "die asem van die wind raak weg." (r. 23) | D | metafoor |
| | | E | inversie |

33.1 _________ 33.2 _________ 33.3 _________ 33.4 _________

34. Voltooi die sinne deur telkens die KORREKTE woord in te vul.

Dwarsdeur die gedig word die reën as 'n (34.1) ______________ voorgestel;

dit word (34.2) ____________________ (tipe beeldspraak) genoem.

Al die beelde in hierdie gedig is uit die (34.3) ____________-tradisie geneem.

Voorsprongboeke

# 6. *Die heks van Hexrivier*

# Philip Nel

Daar is verskeie weergawes van die legende van die heks van Hexrivier, maar almal vertel min of meer dieselfde storie. Hieronder volg L-M. Laubser se weergawe van die legende.

...

Dus, hoewel Eliza teen die einde van die verhaal tragies sterf, bly sy steeds die oorsaak van die man wat haar liefhet se dood.

[Verwerk uit: Laubser, L-M. 2012. La Femme Fatale: Une reconsidération d'un archétype négatif. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, pp. 26-27]

**VRAE:**

3. Som reëls 3 – 4 in jou EIE WOORDE op.

________________________________________________

________________________________________________

4. Lees strofe 2.

4.1 Haal TWEE voorbeelde van middelrym aan.

________________________________________________

________________________________________________

4.2 Watter woorde word in strofe 2 herhaal?

________________________________________________

4.3 Wat is die funksies van hierdie herhaling en middelrym?

________________________________________________

________________________________________________

5. Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A – D) langs die vraagnommer neer.

“Jou hart sou jy gee ...” (r. 6) is ‘n voorbeeld van ...

Voorsprongboeke

A sinekdogee.
B litotes.
C vergelyking.
D onomatopee.

5. _______

6. Hoe verskil die rymskema van strofe 3 van dié in strofe 1?

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

# 10. *Die hardloper*

# Ernst van Heerden

**VRAE:**

**STROFE 1**

1. Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter langs die vraagnommer neer.

Uit die beskrywing van die hardloper in strofe 1 kan ons aflei dat die atleet nie ... is nie.

A energiek
B toegewyd
C versigtig
D passievol

1. ___________

Voorsprongboeke